8 Mei 2016

Polsslag

Rom 12:2

Gereformeerde Kerk Benoni

LITURGIESE RIGLYNE

OGGENDDIENS 09:00
Ds. Louis Buys
***SKRIFLESING**: Joh 17 & Rom 8:33*
***TEMA:** Christus se hemelse triomftog waarborg my verlossing en verheerliking*

LOF-EN AANBIDDINGSDIENS
Waldo Niemandt

***TEMA:** Leer my bid, Here!*

AANDDIENS 18:30
Ds. Louis Buys
***SKRIFLESING:** Ps. 34 en ander*
***TEMA:** Is ek swak as ek moedeloos is?*

HARLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS BY VANDAG SE EREDIENSTE.

KNIELTYD - Ons gee om vir mekaar

VOORBIDDING:

Tannie Ria Nel was vir toetse na sy erge pyn ervaar het, en daar is bevind dat daar verkalking van die lewer is. Sy gaan Maandag die kardioloog besoek.

Ansofie Neuhoff gaan die 6de Mei vir 'n heupoperasie

Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

MEELEWING:

Tannie Annetjie de Klerk se broer Andries, is Donderdag oorlede. Mag julle ryklik vertroos word in hierdie tyd van rou.

GKSA BEROEPENUUS:

BEROEPE ONTVANG:

Ds JD Potgieter [Dreyer] van Rooihuiskraal na Meyerspark

BEROEPE AANVAAR:

Ds W van den Heever [Werner] van Vryheid na Gobabis.

GEMEENTEBOEKIES : sal 15 Mei beskikbaar wees by Ina Bolt of Ronel Ritchie vir diegene wat bestel het, en vir diegene wat een wil aanskaf teen R30 donasie per kopie.

E-kopië sal per epos uitgestuur word vir diegene wat aangevra het daarvoor, of kan aangevra word by Ina Bolt.

Groete: Die kerkkantoor.

A5 ADVERTENSIEBLAD

Hier is 'n wonderlike geleentheid vir ons lidmate wat hul eie onderneming bedryf. Stuur asb vir my besigheidsbesonderhede sodat dit geplaas kan word in ons heel eerste blad.
Ek sien uit om van ons sakemanne en sakevroue te hoor.
Geen besigheid te klein of te groot om hierin te adverteer nie. Kom ons ondersteun mekaar deur meer omtrent mekaar se werksaamhede te wete te raak. Geen onkostes aan verbonde nie.
Eerste uitgawe sal 15 Mei verskyn.
Sluitingsdatum: 10 Mei 2016
Baie dankie!
Rene Paulsen
limelight.24@gmail.com / 082 770 1022

DAGBOEK VIR VIR DIE WEEK

DAG	AKTIWITEIT		LOKAAL	TYD
So. 8/05	Gebedskamer	Donsie Krüger	Ou Moederskamer	08h00 - 09h00
	Peutersorg (2-4jaar)	Anneke Salomons	Kerkhuis	09h00
	Katkisasie (gr 1-7)	Adri van Tonder	Onderskeie lokale	Na oggenddiens
	Koor oefening	Tarina vd Merwe	Kerksaal	17h00
Ma. 9/05	Bybelstudie	Adri Goede	Rynpark 5	09h30
Do 12/05	Nuwe lidmaat verwelkomingsfunksie		Kerksaal	18h00
Vry. 13/05	Gebedsgroep	Donsie Krüger	Konsistorie	05h30 - 06h30
	Manne byeenkoms	Schalk van Eeden	Kerksaal	05h00 - 06h30
	Bybelstudie	Braam Krüger	Konsistorie	08h30
	Jeugaksie (social en speletjies)		Kerksaal & terrein	vanaf 17h00

KOMENDE BYEENKOMSTE

- 15 Mei 12:00 Nagmaalsete - Donsie Kruger 084 6272393
- 20 Mei 19:00 Klaagliedere van ds. Tienie Benade - Derik van Niekerk 084 566 0004
- 22 Mei 17:00 Pinkster-Paassangdiens - Hannes Kleynhans 083 397 3640
- 4 Junie 08:00 Victus Christi Mark - Schalk van Eeden 082 561 9409

NUWE LIDMAAT VERWELKOMING 12 MEI 18H00 BY DIE KERK

Alle nuwe lidmate, en die wat nog nie die funksie bygewoon het nie word hartlik uitgenooi na 'n heerlike kuier en kennismakingsfunksie. Kontak Ina Bolt by die kantoor om te laat weet of jy kom of navrae het.

JEUGAKSIE - VRYDAG - 13 MEI

Almal wat nog jonk is of jonk van gees is, is welkom om hierdie pret-aand saam met ons te kom geniet.
Ons beplan 'n "KARAOKE" -aand, met hope pret en speletjies, en lekker pannekoek. Bak jou eie, al is dit 'n "flop", of laat iemand vir jou bak.
Geleenheid sal gegee word vir enigeiemand wat nog altyd graag wou voel hoe dit voel om 'n "celebrity" te wees.

Ons sien uit daana om te sien hoeveel gees julle het!
Groete: Die Jeugdiensgroep.

DIENSBEURTE:

OUDERLING aan diens
VANDAG: Erika Buma
Volgende week: Helgard Potgieter

TEESKINK:
VANDAG: WYK A6 - Walda Gouws
15 Mei: Wyk - Actonville
22 Mei: Hannes & Rianda vd Linde

NAGMAALSETE – 15 MEI – 12H00

Alle lidmate word vriendelik genooi om 'n "prego"-rolletjie met slaai en 'n nagereg met vla saam te kom geniet.
Bring as julle eie eetgerei, glase en drinkgoed saam.
Kom ervaar die koinonia saam met ons.
Skryf asb julle name op die lyste gemerk "Nagmaalete" sodat ons weet hoeveel aankope om te doen.
Donasies sal waardeer word.
Vriendelike groete: Die GK– Benoni susters.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag en in die komende week verjaar.

DAG	NAAM	KONTAK NR.
So. 8/05	Marleze Reinecke	073 942 5434
Ma. 9/05	Antoinette Naude Linda Damons Marcel van Zyl Quintin Nel (jnr.) René Bosch Stephan Potgieter Tjaart van der Walt #	 073 228 5620 061 450 6644 082 564 3277 083 305 8024
Di. 10/05	Dinie Veenstra Mischa Johnson #	082 350 5863
Wo. 11/05	Bertie van der Merwe Charl Coetzer Erik Potgieter Louis van Zyl	084 210 3160 079 896 1988 076 214 8009 082 902 8381
Do. 12/05	Ary Venter #	
Vr. 13/05	Lente van Krieken #	
Sa. 14/05	Dick Kruger	083 229 5383

BYBELVASVRA.

Verlede week 1 Mei se antwoord:

" Maar die wat net herkou of net gesplete kloue het, mag julle nie eet nie. Dit geld vir die KAMEEL want, alhoewel die dier herkou, het hy nie gesplete kloue nie. Julle moet hom dus as onrein beskou"

Die volgende lesers het korrekte antwoorde ingestuur: Chrissie Pretorius; Martie Gibson; Gerda de Jager; Jan Lubbe; Jan Bakker; Una Steyn;

Hierdie week: Soek die Bybelvers

" Salomo het vir ??????? ontslaan, sodat hy nie meer priester van die Here was nie. So het die oordeel wat die Here by Silo oor Eli se nageslag uitgespreek het, in vervulling gegaan. "

Vraag: Wat is die priester se naam wat Koning Salomo ontslaan het?

Lees gerus die Konings boeke en noem die priester wat deur Koning Salomo ontslaan is en noem die vers waar dit staan en SMS dit met jou Naam en Van na 082 873 3173.

KLAAGLIEDERE VAN DS. TIENIE BENADE
EENMANVERTONING DEUR
FRANK OPPERMAN
VRYDAG 20 MEI 19H00

Kaartjies nou beskikbaar:
R80 per volwassene
R60 per kind/ volwassene

Ds. Tienie Benade is `n middeljarige predikant van `n sukkelende Afrikaanse gemeente. Die gemeente se lot is dieselfde as die van baie ander gemeentes: die lidmaatgetalle kwyn, die gemeente se skuldlas groei en die gemeentelede wat steeds tot die kerk behoort, is onseker hoe om sinvol in `n moderne wereld te bly glo aan God. Dis `n storie van verdriet, maar ook `n storie van die hoop wat nie beskaam nie.
Met Frank Opperman.
Teks: Dana Snyman. Regie: Gerrit Schoonhoven.

Kontak: Ina Bolt: 084 339 1136 of
Derik van Niekerk 084 566 0004
Of besoek ons webwerf onder "kalender"
Die wins wat GK Benoni uit die vertoning hoop om te maak sal aangewend word vir die verbetering van ons toiletgeriewe.

DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Ons as gemeente is aan mekaar verbonde soos die lede van 'n liggaam.

Ons het die verantwoordelikheid om na mekaar om te sien en mekaar te versorg, veral wanneer sommige swaar kry. Lidmate wat 'n deernis het vir mense wat swaar tye beleef, kan gerus by hierdie bediening aansluit.

Vir meer inligting, en om betrokke te raak,

kontak asb Hettie Viljoen 083 628 9508

KINDERHUIS VERSOEK:

Frans en Nicole Muller van die kinderhuis doen 'n beroep op lidmate wat moontlik met die volgende kan help:

1. Vakansiehuis wat 10 mense kan huisves aan die Noord– of Suidkus vanaf 2 tot 10 Julie 2016. (2 volwassenes & 8 kinders)
2. 'n Goeie gebruikte sitkamer-stel.
3. TV. vir die dogters.

Navrae kan aan Frans Muller gerig word:
082 474 0302

AANDAG ALLE JAGTERS.

Ons is besig om 'n biltongfees vir die Augustus te beplan. As daar iemand is wat 'n bokkie of twee kan skenk, of wildsbiltong en droeë wors kan skenk, sal dit baie waardeer word. Kontak asb. vir Donsie Krüger 084 627 2393 of Ina van Eeden 072 401 2138

KOLLEKTES:

Kollektes 1 Mei 2016:
Barmhartig heid :R 3662 .50
Dankbaarheidsfonds :R 1502 .70
Vandag:
Onder die diens **:** Barmhartigheid
Buite deure : Emeritaatsversorging
Volgende week: Sustentasiefonds

WATER DONASIE STASIE

GK-Benoni is op Water Shortage South Africa se webblad as 'n water donasie stasie geregistreer, wat beteken die breër gemeenskap kan nou ook by ons waterdonasies kom maak. Ons vervoer die water na WSSA se depot in Wadeville, waarvandaan die water versprei word deur vrywilligers na dorpe waar die nood groot is. Bring asb gevulde plastiekbottels gemerk TW (tap water) vir diere /besproeingsdoeleindes of geseëlde bottels gemerk DW (drinking water) of skoon leë bottels wat ons met boorgatwater volmaak na die kerksaal toe.

Baie dankie vir al die skenkings reeds ontvang.

Navrae: Ronel Ritchie 081 218 3058

KERKKANTOOR

Kontak asb. Ina Bolt by die kerkkantoor op 011 849 2054 of 084 339 1136 vir enige navrae , attestate of lief-en-leed aanmelding vir koördinering.
Kerkkantoorure: **Ma - Vrydae 9:00 tot 14h00**
Sondae vir 'n half-uur na die oggenddiens.

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op Vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

BANKBESONDERHEDE:
BANK : ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYS : Volle Naam, Van & Doel

Of SNAPSCAN:

Deur kollekte

Barmhartigheid

Mag elkeen welklik die liefde van God hierdie week ervaar!

BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za
WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

PREDIKANTE:
Dr. Braam Krüger
082 459 5636
Ds Louis Buys
082 927 2034

KERKKANTOOR:
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
011 849 2054
084 339 1136
ina@gkbenoni.co.za

KOÖRDINEERDER
Ronel Ritchie
011 849 6817
081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za